

Christus gee vir ons gewone dominees om met die evangelie na ons te kom

ds. PJ Kriel

Gedenkdien vir ds. Harm Bonnema

24.08.2017

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen hulle wat die Here roep om sy gemeentes as leraars te bedien en hulle wat hulle as selfbemaagtigde geestelike leiers in die Naam van God wil voorhou. Leraars is hulle wat met die evangelie na lidmate kom en hulle lidmate liefhet as medegelowiges. Geestelike leiers is hulle wat met die krag van God 'n wêreldwye massa aan hulle geestelike mag wil onderwerp. Die Here rus gemeentes toe met die gawe van gewone leraars om in liefde lidmate met die evangelie te bedien. Dit is die werklike saak wat Paulus in die bekende 1 Korinte 13 aan die orde stel. Hierdie preek was gehou as gedenkdien vir die werk wat ds. Harm Bonnema as gewone dominee in die gemeente Soutpansberg en Louis Trichardt gedoen het en die lewe wat hy saam met sy gemeentelede geleef het.

Skriflesing 1 Korintiërs 13: 1 – 13. 2 Korintiërs 11: 19 – 21.

Teks 1 Kor. 13 vers 8: “Liefde faal nooit nie, maar profesieë sal tot 'n einde kom en tale sal ophou.

Tema Christus gee vir ons gewone dominees om met die evangelie na ons te kom.

1. Gewoonlik lees ons en preek ons uit 1 Korintiërs 13 by troues.

Dit is nie verkeerd om dit daar te lees en te preek nie. Dit is egter nie die situasie waarop Paulus 1 Korintiërs 13 self direk toepas nie. Paulus is in hierdie gedeelte besig met die verskil van wat ons vandag sal uitwys as die verskil tussen gewone dominees en wêreldbekende dominees. Dominees wat ons in die verlede “godsmanne” genoem het en vandag groot kerklike leiers moet noem.

In ons gemoed is Paulus die apostel wat eintlik die evangelie oor die hele Klein Asië die eerste keer gepreek en gevestig het. Daarmee het hy volgens ons verstaan van die geskiedenis die grondslag vir die eerste Christelike gemeenskap buite Jerusalem gelê. Op hierdie wyse het hy eintlik die grondslag vir die hele Christelike Kerk binne die Romeinse keiserryk, en daarmee die wêreldwye Christelike kerk gelê.

Vanuit ons tyd en met ons perspektief, sien ons hom dan baie maklik as die eerste groot wêreldbekende apostel, en dan amper as die rolmodel van wat 'n dominee eintlik behoort te wees, 'n kragtige dienaar van die Here – wêreldbekend!

2. Met hierdie beeld oor wie hy was, kan ons nie die situasie of die probleem wat Paulus in 1 Korintiërs 13 aanspreek, vandag meer raaksien nie. In Paulus se eie gemoed en binne in die kerklike gemeenskap waarin Paulus gewerk het, was hy nie eers gesien as een van die kerklike leiers nie.

Hy self noem in sy brief aan die Galasiërs dat Petrus, Johannes en Jakobus beskou is as die pilare van die kerk. Gal. 2: 9. Paulus self erken hulle ook so, deur te stel dat

Christus gee vir ons gewone dominees om met die evangelie na ons te kom

hy eers met hulle as die leiers van die kerk die inhoud van sy boodskap gaan bespreek het voor hy met sy eie sendingwerk begin het. Die Griekse woord wat in die 1983 vertaling as “leiers” vertaal word, is nou in die Nuwe Direkte Afrikaanse (DAV) vertaling as “mense van aansien” vertaal. Dit word nie neerhalend of sarkasties bedoel nie, maar wys dat Petrus, Johannes en Jakobus deur die eerste Christene gesien was as predikante wat kerklike leiers sou gewees het.

Paulus was in sy eie tyd nie so gereken gewees nie.

Hy het homself nie aan hulle as kerklike leiers nie gelyk gestel nie, maar gesien dat hy net soos hulle ook ’n apostel is, gelykwaardig in die roeping om die evangelie te verkondig. Daarom noem hy homself hulle medewerker. (Gal. 2: 6- 9)

3. Paulus was in sy eie tyd deur baie predikers, lidmate en gemeentes ook nie as ’n apostel erken nie. Dit spreek hy net een hoofstuk verder, in 1 Korintiërs 15, self aan. Van Christus se hemelvaart af was dit ’n vaste opvatting dat ’n apostel iemand is wat saam met die Here geleef het, Homself gesien en Homself gehoor het. Die opvatting het onder andere gekom uit die 11 apostels se aanstelling van ’n apostel in Judas se plek, om weer die simboliese getal van 12 apostels te kan wees. Petrus stel dit só: “Dit moet een van die manne wees wat saam rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is.” Handeling 1: 21- 26.

Paulus voldoen nie soos dit hier deur Petrus gestel is om eers ’n apostel genoem te word nie. Daarom beskryf Paulus homself in 1 Korintiërs 15 vers 9: “Ek is die geringste van die apostels en is nie werd om ’n apostel genoem te word nie, omdat ek die kerk van God vervolg het.”, maar stel dan dadelik daarmee saam dat hy ’n apostel is deur God se genade, nie omdat hy met die Here saamgeleef nie.

4. In sy eie tyd is hy ook deur ’n nuwe geslag predikers geminag as ’n predikant wat nie in die krag van God optree nie. Hierdie nuwe soeke in die nuwe gemeentes na “godsmanne”, kragtige kerkleiers en kragtige predikers, is eintlik die saak van verdeeldheid oor predikante waarmee die brief Korintiërs begin.

In die gemeentes se soeke na goddelike wysheid en goddelike krag het hulle begin om predikante teen mekaar af te speel en te soek na dit wat ons dan vandag ken as wêreldbekende evangeliste, geloofsgenesers en bekeringspredikers. (1 Kor. 1:10 – 2: 5.) In 2: vers 4 stel hy dat sy prediking se inhoud nie geleerdheid of welsprekendheid is nie. Die Korintiërs self het Paulus as ’n gedwee predikant beskryf wat net manhaftig kan wees as hy briewe skryf. (1 Kor. 10:1)

Hierdie minagting vir Paulus deur ander predikante is die saak wat Paulus in 1 Korintiërs 13 aanspreek. Dit sien ’n mens duidelik in die sake wat hy in hierdie hoofstuk teenoor die liefde stel:

Christus gee vir ons gewone dominees om met die evangelie na ons te kom

- die spreek in tale as 'n goddelike taal, wat bewys jy is deel van die krag en lewe van God self, daarom praat jy met spreek in tale soos 'n engel. (al praat ek die tale van mense en engele)
- profesie as die kennis van goddelike geheimenisse (En al profeteer ek en begryp ek al die geheime en besit ek alle kennis 13: 2 DAV)
- die doen van wonderwerke, wat hy noem die geloof om berge te versit. Volgens die opvatting wat toe reeds bestaan het van wie en wat 'n wêreldbekende kragtige evangelis, godsman en kerkleier sou moes wees, was Paulus net 'n gewone, nie 'n kragtige dominee gewees nie.

5. Soos Paulus hierdie verskil tussen twee soorte dominees uitwys moet ons vandag ook vir mekaar sê dat volgens Paulus se uitleg, was ds. Harm Bonnema ook nie 'n kragtige godsman gewees nie.

- ds. Harm het nie wonderwerke verrig met die geloof wat berge kan versit nie.
- ds. Harm het nie in goddelike mense- of engeletale gepraat nie.
- ds. Harm het nie geheime goddelike kennis gehad waarmee hy geprofeteer het nie.
- Nog meer, hy het nie al sy besittings uitgedeel en sy liggaam uitgebrand in die passie om 'n wêreldbekende kerk en godsman te wees nie. Hy was daarop ingestel om sy gesin te versorg en vir hulle te help om besittings te kan bekom.

Daarom kan ons werklik volgens die uitleg wat Paulus hier gee, oor die verskil tussen gewone dominees soos Paulus, en kragtige godsmanne soos ander predikers was, sê dat ds. Harm Bonnema was vir ons net 'n gewone dominee gewees.

6. Wat is die hoofkenmerk van 'n gewone dominee se kerklike werk?

Hy stel dit só: ¹³Maar wat ons betref, ons sal met ons roem nie buite die perke gaan nie. Ons bly binne die perke van die werkkring wat God wat God aan ons toegemeet het. Julle val ook binne hierdie perke. ¹⁴Dus het ons nie ons perke oorskry deur tot by julle te kom nie. Ons het immers vroeër al tot by julle gekom met die evangelie van Christus.”

Christus gee vir ons gewone dominees om met die evangelie na ons te kom

’n Gewone dominee bly binne die perke van die bediening van die mense wat die Here aan ’n leraar opdra en gewone dominee kom by mense met die evangelie van Christus.

Dit is die hoofkenmerk van ’n gewone dominee! Binne die perke van die mense wat die Here aan hom opdra is hy predikant en hy kom na die mense wat die Here aan hom opdra – met die evangelie.

7. Hoekom het gewone dominees hierdie beperking op hulle dienswerk?

En dit is die werklike punt van 1 Korintiërs 13: die werklike beperking van ’n dominee is die liefde. Die punt van verskil tussen gewone dominees en wêreldbekende godsmanne, evangeliste en geloofsgenesers, is die verskil tussen liefde en mag.

Een magtige man kan miljoene mense met mag onderwerp, daarom kan een magtige geestelike mens miljoene mense geestelik aan hom onderwerp, net soos die Rooms Katolieke Pous. Een gewone mens is egter beperk om net ’n bepaalde hoeveelheid mense te kan lief hê en in liefde te kan bedien.

Een magtige godsman kan vir miljoene mense ’n klinkende metaal en galmende simbaal wees, oor miljoene mense goddelike profesieë uitspreek en vir miljoene mense goddelike kragtige dade doen. Maar een dominee kan net ’n beperkte getal mense werklik liefhê en in met liefde bedien.

Daarom weet elkeen van ons wat vanmiddag hier sit, ds. Harm Bonnema was ’n gewone dominee soos Paulus. Hy het na ons toe gekom met die evangelie van Christus en hom beperk tot die mense wat die Here aan hom opgedra het.

Hy het nie probeer om met krag, wonderwerke, goddelike kennis en wondertale vir die hele wêreld ’n godsman of man van kerklike aansien te wees nie.

Hy het na ons toe gekom as ’n gewone dominee wat binne die beperkte werkkring van die gemeente Soutpansberg en Louis Trichardt, ons as leraar liefgehad het en ons met die evangelie van God se liefde bedien het.

En daarvoor hou ons vandag vir ds. Harm ’n gedenkdiens. ’n Erediens waarin ons die Here wil dank dat hy vir ons in ds. Harm ’n gewone dominee gegee het om ons in liefde met die evangelie van die Here se liefde te bedien.

7. Ons kan maklik vandag al die werk wat ds. Harm vir die Here gedoen het in herinnering roep. Want dit was werklik baie, omvangryk, diep en vormend in baie van ons se lewe en in die hele Soutpansberg gemeenskap.

Christus gee vir ons gewone dominees om met die evangelie na ons te kom

Maar dit sou vir hom 'n verleentheid gewees het as ons dit sou doen. Net soos dit vir hom 'n verleentheid sou wees wanneer dit in sy teenwoordigheid gedoen sou gewees het. Hierdie verleentheid is nie maar gemaakte nederigheid soos ons dit baie keer speel met roemryke huldeblyke nie. Die verleentheid sou gewees het soos die Paulus se eie verleentheid waarvan hy in 2 Kor. hoofstukke 10 tot 12 vertel.

Paulus was deur die lidmate van die gemeente Korinte gekonfronteer gewees met wêreldberoemde godsmanne wat na Paulus se stigting van die gemeente, hulle kom besoek het. Na hierdie besoeke het die lidmate Paulus gekonfronteer en gedwing om sy werk vir die Here met hulle werk vir die Here te vergelyk.

Dit is wat in hierdie drie hoofstukke van die tweede brief aan presies net hierdie gemeente Korinte aan die orde kom.

Daarom maak Paulus hierdie vreemde opmerking in sy verweer om sy werk vir die Here met hulle werk vir die Here te vergelyk: "Ek het meer vir die Here as al hierdie wêreldberoemde geestelikes gewerk." 2 Kor. 11: 23. En dit wat hy sê was net die waarheid gewees. Hy was in sy werk vir die Here die meeste gemartel en gestraf. Hy het die verste en meeste gereis. Hy het persoonlik die swaarste gely en die meeste terugslae gekry.

En dan wys hy dat 'n gewone dominee nooit oor sulke goed met sy lidmate praat nie. Sy werk vir die Here word nooit vir die gemeente of vertel of van die kansel af aangekondig nie. Vir 'n gewone dominee om so iets te doen noem hy dwaasheid. 2 Kor. 11: 16.

8. Dit is hoe ons ds. Harm ook vandag wil herdenk en die Here wil dank vir 'n dienskneg wat nooit gepraat het oor die werk wat Hy vir die Here doen nie.

Dit is wat Paulus bedoel met sy aankondiging van hoe 'n gewone dominee in 'n gemeente werk met hulle wat hy in liefde moet bedien: die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles op so wyse dat dominees nooit hulle werk vir die Here met lidmate hulle openbare roem maak nie.

Hoe praat jy as leraar voor ander of kondig van die kansel af hoe jy vir die Here iemand as alkoholis met al sy skaamte bygestaan het, as die werk wat jy vir die Here gedoen het? Jy kan nie, want die liefde in jou vir jou lidmate bedek alles wat hulle vir jou in hul skaamte moet wys.

Hoe praat jy as leraar voor ander en van kansels af van hoe jy vir die siekes gebid het, asof dit 'n magtige daad vir God was, terwyl dit maar net 'n gebed is in jou eie en hulle magteloosheid was, waarin jy saam met lidmate alles van God geglo wat jy self ook nie meer saam met hulle kon sien nie?

Christus gee vir ons gewone dominees om met die evangelie na ons te kom

Hoe maak jy dit 'n vertoning van jou kragtige geestelike werk vir God wanneer jy langs die dooie liggaam van lidmate se geliefde gestaan het en, saam met hulle stukkend, gebid het in die hoop dat God alles weer heel kan maak? As dit net 'n daad was om alle hoop op God te stel?

Hoe maak jy dit 'n aankondiging van jou geestelike kragdadigheid in God se werk, as jy as leraar elke lidmaat se onvermoë om te leef soos God se wet bepaal, elke lidmaat se volharding in sonde, elke lidmaat se val in sonde verdra het sonder om aan God se vergifnis en liefde vir hulle te twyfel?

Daarom wil ons die Here dank dat ds. Harm 'n gewone dominee soos Paulus was wat nooit oor die werk van die Here wat hy met ons gedoen het, voor ander gepraat of van die kansel dit sy roem gemaak het om van sy werk met ons te praat nie.

Dat hy vir ons en met ons as leraar, alles bedek het, alles geglo het, alles gehoop en en alles verdra het sonder om te praat wat hy vir die Here gedoen het.

9. ds. Harm was lief vir mense en het gehou daarvan om met mense te wees en saam met hulle deur alles te leef en met alles betrokke te wees. Dit was regtig deel van sy persoonlikheid gewees.

Maar dit is iets anders as dit waarna Paulus verwys in verse 4 – 5: die liefde is geduldig, vriendelik, nie grootpraterig nie, nie verwaand nie, handel nie onweloweglik nie, soek nie eiebelang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie, verbly hom nie oor onreg nie maar verheug hom in die waarheid.

Hier gaan dit oor die wyse van evangeliebediening van gewone dominees. Dit staan in direkte kontras met die wyse waarop wêreldberoemde geestelikes hulle mag in hul prediking laat geld. Paulus beskryf hulle geestelike bediening in 2 Kor. 11 verse 20 en 21 as volg: “Julle verdra dit as iemand julle soos slawe behandel, as iemand julle uitbuit, as iemand julle bedrieg, as iemand julle in die gesig klap. Laat ek dan tot my skande erken dat ons vir sulke dinge te swak was.”

Paulus beskryf hier wat hierdie nuwe tipe predikers van die kansels met die lidmate in Korinte maak:

- Van die kansel af word lidmate behandel soos God se slawe, asof hulle God nie God se kinders is, nie in hom glo of Hom lief het nie.
- Van die kansel af word lidmate se wanhoop in God, hulle twyfel in God, hulle vrees vir God uitgebuit om hulle vir geestelikes se drome, visies en geestelike kragvertonings te misbruik.
- Van die kansel af word lidmate bedrieg deur voor te hou dat god hulle sal seën as hulle hul lewe, hart, geld en besighede aan God gee.

Christus gee vir ons gewone dominees om met die evangelie na ons te kom

- Van die kansel af word hulle in die gesig geklap met oordele dat hulle nie regtig kinders van die Here nie, nie regtig gelowig nie, nie regtig deel van God se goedheid en sorg sou wees nie.

Dit is hierteenoor wat Paulus dan 'n gewone dominee se bediening en hantering van die Here se kinders stel: die liefde is geduldig, vriendelik, nie grootpraterig nie, nie verwaand nie, handel nie onwelowiglik nie, soek nie eiebelang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie, verbly hom nie oor onreg nie maar verheug hom in die waarheid.

Want 'n gewone dominee weet hy bedien die Here se eie kinders, wat die Here met al hul swakhede en hardvogtigheide lief het. Daarom is en bly hy as gewone dominee verbind om hulle te hanteer met die liefde wat hulle as kinders van die Here toekom.

Daarom wil ons die Here dank dat ds. Harm Bonnema te swak was om 'n wêreldberoemde kerkleier te wees en ons soos 'n kragtige geestelike leier te behandel het. Hy was so swak dat hy ons in en deur die liefde wat hy van die Here saam met ons ontvang en gedeel het, behandel het!

Wie van u kan een so preek of gesprek met ds. Harm onthou:

- hy het my soos 'n slaaf behandel,
- hy het my in my onsekerhede oor God uitgebuit
- hy het my in my begeertes en versugtinge met God bedrieg
- hy het my met die oordele, die beskuldigings, die aanklagte en strawwe van God in die gesig geklap.

Ons kan dit nie onthou nie, want hy was net 'n gewone dominee binne God se liefde en genade wat as kind van God die Here se ander kinders gerespekteer en liefgehad het.

10. Dit is hoekom ons as kerk en familie saam rou. Saam seer het vandag.

Want die liefde vergaan nooit nie. Die liefde wat ons van mekaar ontvang en met mekaar deel, vergaan nooit, al vergaan hulle wat ons lief gehad het en met wie ons liefde gedeel het.

Dit is hoekom ons so seer het. Die Here het vir ons met ds. Harm Bonnema 'n gewone dominee gegee wat aan ons die evangelie van God se liefde vir sondaar bedien het en ons as leraar liefgehad het.

As hy 'n galmende simbaal was, sou ons sy roem besing het en dankbaar gewees het die geraas is verby.

Christus gee vir ons gewone dominees om met die evangelie na ons te kom

As hy 'n klinkende metaal was, sou ons sy krag geëer het en dankbaar gewees het sy harde koue greep op ons is weg.

As hy homself vir God opgeoffer het sou ons sy lof besing het, en geld moes insamel vir hulle wat hy verwaarloos het.

As hy 'n wonderbewerker was sou ons oor hom verwonder gewees het en terwyl ons soek na iemand wat ons met liefde kan bedien.

Nou is dit net seer, want hy was nie so nie. Hy was vir ons net 'n gewone dominee wat die liefde van die evangelie na ons gebring het terwyl hy ons liefgehad het.

13. As die magtiges die Here se regte dominees is, is ons soos Paulus in die volgende hoofstuk 15 vers 19 stel: die bejammerendwaardigste van alle mense. Jammerlik omdat hulle vashou aan iets wat net seermaak – liefde, terwyl hierdie liefde met die dood verlore gaan.

Dan is dit net hulle wat piramides en Roomse amfiteaters bou wat gereken word, terwyl die honderdduisendes wat hiervoor en hierin naamloos gesterf het die dwase was wat vir hierdie magtigheid geoffer was. Net so moet die name van wêreldbekende onhou word terwyl die naamlose massa wat voor hulle geestelike kragdadigheid gebuig het, die offers vir hierdie groot name was.

Dit is egter hoekom Christus self mens geword het, as mens gesterf het en as mens uit die dood uit opgestaan het, sodat die liefde wat nie kan vergaan nie, vir ewig kan wees.

Dit deel ons vandag saam met ds. Harm. Ons wat saam met hom die liefde van die evangelie gedeel het en saam met hom mekaar in die evangelie kon liefhê, is liefde wat vir die ewige lewe met God en mekaar bestem is.

Anders sou liefde ons vervloeking gewees het, om deel te wees wat iets wat nie vergaan nie, terwyl ons self vergaan! Nou lewe ons die gewone lewe, met die gawe van gewone dominees met die gawe om mekaar te kan lief hê, en dit iets is wat ons vir ewig het.

Daarom kan ons nou van ds. Harm Bonnema as 'n gewone dominee afskeid neem en aan God die eer, dank en lof bring vir die gawe wat hy Harm in ons lewe laat wees, het – een van die Here se gewone dominees.

Ds. Harm was tot aan die einde van sy lewe, al was hy afgetree weens die swakheid van sy liggaam 'n gewone dominee. Toe die ambulans hom van sy huis na die hospitaal geneem het, het hy in die kombuis op die draagbaar met sy familie gereël dat hulle net eers vir die ambulansmanne van die nartjies in die kombuis moet gee.

Christus gee vir ons gewone dominees om met die evangelie na ons te kom

Op die dag waarop hy dood is, het hy vir die verpleegpersoneel bymekaar geroep en vir hulle in die gebed aan die Here opgedra vir die moeilike werk wat hulle doen. Dit was eers terwyl hy bid dat hulle vir die eerste keer agtergekom het hy is 'n dominee. 'n Gewone dominee!

Kom ons gedenk Harm so en dank God vir hom. Die Here het aan ons die gawe gegee in die persoon en werk van ds. Harm van 'n gewone dominee wat ons lief gehad het en na ons met die evangelie van Christus gekom het.